Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 7 Julie 1948 No. 33

## STIG NUWE EENHEDE

In Gebied E (Witwatersrand) is die Ossewabrandwag besig om 230 nuwe eenhede op die been te bring en word persone wat jare lank onaktief was, weer by die eenhede ingeskakel, en bestaande eenhede word heringedeel.

Ook uit Oos-Kaapland word berig dat nuwe eenhede op die been gebring word. Veral word staatsamptenare wat jare lank stil moes sit, weer as lede ingeskryf. Lees berigte op bladsy 8.

# GROOT SPANNING IN BERLYN

**Die koue oorlog in Berlyn waar die Russe die Angel-Saksers tot die uiterste tart, duur nog voort, nadat pogings om die Russe vir samewerking te oorreed, die naweek misluk het.**

Sedert die invoering van die nuwe geldstelsel het die Russe probeer om dit vir die Westerse moondhede onhoudbaar in Berlyn te maak. Die stad is aan 'n blokkade onderwerp wat groot ontberings vir die Duitse bevolking in die drie nie-Russiese sektors meegebring het. Hul kragtoevoer is afgesny, terwyl alle treindienste tot stilstand gekom het en voedsel slegs deur middel van vliegtuie ingebring kon word.

Strome Amerikaanse en Britse vliegtuie voorsien tans die 2½ miljoen Duitsers in die Westerse deel van die stad van voedsel en steenkool, en elke drie minute land daar 'n vliegtuig in Berlyn. Ook Suid-Afrika het 20 vliegtuie belowe.

Intussen het die breuk tussen die eertydse bondgenote wyer geword deurdat die Russe hulle van die Kommandatura (liggaam van gesamentlike bewind) in Berlyn onttrek het. Die Westerse moondhede het tans 'n voorlopige beheerliggaam gestig.

Die V.S.A. en Brittanje het opnuut hul vasberadenheid te kenne gegee om nie deur Rusland uit Berlyn gedwing te word nie.

Die Westerse Geallieerdes het Wes-Duitsland gemagtig om nie later as 1 September nie 'n konstituerende vergadering byeen te roep vir die opstelling van 'n grondwet.

Van die bevolking van Berlyn is 1,190,000 in die Russiese sektor.

## TEENVOETER IN VAKBONDE

In die Klerewerkersvakbond aan die Rand het daar tans 'n beweging ontstaan wat 'n veldtog loods om alle kommunistiese invloed uit die vakbond te weer. Die opposisiegroep is reeds sedert verlede week besig om te organiseer en het al taamlik veld gewen onder die werkers.

Die sentrale uitvoerende komitee van die vakbond beweer dat daar vooraanstaande persone is wat besig is om onrus in die vakbon. te stook.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# KAAPLAND DRA TEKORT VAN £10 MILJ. OOR OP NAGESLAG

**Die Provinsiale administrasie van Kaapland is besig om 'n reuse, steeds groeiende las — wat nou al tweederdes van die totale inkomste beloop — af te wentel op die skouers van die belastingbetaler van môre. Hierdie toestand word nog sorgvuldig in doeke toegedraai as 'n verrassing vir die opkomende geslag, maar binne enkele jare sal die Kaaplanders wat nou reeds gebuk gaan onder sware belasting en min geriewe, voor die verbysterende ontdekking staan dat hul belasting verdubbel sal moet word ten einde te sorg vir die oudag van die huidige onderwysers — 'n ding waarteen die provinsiale aktuarisse al waarsku sedert 1925 — sonder gevolg.**

In 'n vorige uitgawe het ons terloops melding gemaak van die gunstige finansiële verslag vir die jaar 1947 — 48 van die Kaapse Provinsiale Administrasie. Die Admininstrateur kon spog met 'n surplus van £788,500.

**In die provinsiale raad is egter ook 'n ander verslag ter tafel gelê, wat 'n mens laat twyfel of hierdie liggaam werklik bevoeg (of instaat) is om finansiële sake te behartig.**

Die verslag waarna verwys word is die „Rapport oor die Waardering van die Pensioenfonds vir onderwysers in Blanke- en Kleurlingskole in die Kaapprovinsie soos op 31 Desember 1947".

Die aktuarisse van die Provinsiale Administrasie kom hier tot die volgende slotsom: „Die uitslag van die waardering van die Fonds was dus soos volg:

GEVAARLIK

Waarde van aanspreeklikheid van Fonds £12,933,990.

Waarde van bate van Fonds £2,806,447.

Tekort soos op 31 Des. 1947 £10,127,543.

**„Ten slotte wil ons nogmaals die gevare wat die bestaande tekort en die vinnige aanwas daarvan vir die Fonds inhou, beklemtoon. Die tekort op die Fonds het soos volg vermeerder van 1925:**

| | |
|---|---|
| 1925: | £ 3,340,000 |
| 1935: | £ 4,824,000 |
| 1940: | £ 6,268,000 |
| 1943: | £ 7,332,000 |
| 1947: | £10,128,000." |

AL VOORHEEN

In sy vorige verslag (gedateerd 19 Julie 1944) het die aktuaris homself reeds soos volg uitgelaat:

**„In vorige rapporte het ek die aandag gevestig op die ernstige finansiële toestand van die Fonds en het sterk aangedring op stappe om die tekort,**

## Onderwysers Se Pensioene Gaan Krisis Tegemoet

**soos geopenbaar, uit te wis. In die laaste hoofstuk van my rapport, gedateerd 15 November 1940, het ek aanbeveel dat die totale bydraes vermeerder sal word van 10% tot 12% en dat die orige tekort deur spesiale stortinge, van omtrent £320,000 per jaar vir 30 jaar, deur die Administrasie gedelg sal word. Sedert 1925 is die noodsaaklikheid van hierdie spesiale stortinge beklemtoon in elke opeenvolgende waarderingsverslag, maar gedurende die hele tydperk van 19 jaar is maar net drie stortinge tot 'n totaal van £155,000 toegestaan. Die onvermydelike gevolg was die geleidelike toename in die tekort totdat die ontsettende bedrag**

Vervolg op bls. 8 kol. 4

## Laaste Britte Ontruim Palestina

Nadat Brittanje Palestina 30 jaar lank beset het, het die laaste Britse troepe die land verlede week ontruim en is die Union Jack neergehaal. Die amptelike datum waarop die laaste Britse troepe Palestina sou verlaat het, is 1 Augustus.

# Groot Feeste Vir 10e Verjaardag

**Dit sal vanjaar op 8 Augustus tien jaar gelede wees dat die Ossewatrek, waaruit die Afrikanerdom soveel besieling geput het vir sy toekomstaak, in Kaapstad begin het. Om hierdie wedergeboorte van die Afrikanervolk te herdenk, vier die Ossewabrandwag vanjaar dwarsoor die lengte en breedte van ons land die gebeurtenis by wyse van groot feestelikheid.**

Die sentrale fees van die Ossewabrandwag in die Kaapse Skiereiland vind vanjaar in die Ebenezersaal, Maitland, op 9 Augustus plaas. By hierdie geleentheid sal die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, genl. dr. F. du Toit van Zyl, en dr. Erika Theron, Hoofvrou van die Gebied, optree.

Intussen het die offisiere en Brandwagte aan die werk gespring om fondse in te samel. Uit verskeie bronne is berig ontvang dat daar net soos in die verlede weer hard gewerk word. In verskeie gevalle spog die vroue-kommando's reeds met groter bedrae as verlede jaar. Weeklikse sowel as maandelikse funksies word gereeld gehou.

VRYSTAAT

Ook die Vrystaat en Transvaal het groot voornemens vir die herdenking van die geboortejaar van die Ossewabrandwag. Die sentrale fees in die Vrystaat word vanjaar te Kroonstad op 4 September gehou. O.B.-eenhede in die Vrystaat sal hul fondse vroegtydig insamel sodat dit by hierdie geleentheid gestort kan word. Die K.G. sal as spreker daar optree asook sowel die Adjunk-K.G. en vooraanstaande O.B.-leiers uit die Vrystaat en Transvaal.

TRANSVAAL

Noord-Transvaal (gebied F) het reeds aangekondig dat hulle vanjaar vyf groot sentrale feeste gaan hou, nl. te Rustenburg op 7 Augustus; te Potgietersrust op 14 Augustus; te Louis Trichardt op 21 Augustus. Verder word daar in September twee groot feeste te Pretoria en te Belfast gehou. Dit vind plaas op 11 en 18 September onderskeidelik.

By elk van hierdie geleenthede sal die K.G., dr. Hans van Rensburg, aanwesig wees.

## Duitsers In Engeland

**Die laaste groep Duitse gevangenes in Brittanje, ongeveer 400,000, sal binne enkele weke op vrye voet gestel en die kampe gesluit word — meer as 3 jaar na die oorgawe van Duitsland. Daar sal volgens berekening ongeveer 24,000 van hierdie manne, nadat al die formaliteite afgehandel is, in Brittanje agter bly om hulle daar te vestig. In die afgelope jare is Duitse krygsgevangenes op groot skaal as goedkoop arbeid in Brittanje gebruik. Die foto toon sommige van hulle in diens op 'n plaas. Dit kos die boer 'n paar pennies per dag per krygsgevangene.**



## WIE HET GEDRAAI? 2

# Uitslag Grootliks Deur Volksaanwas Beïnvloed

**In my eerste artikel het ek die redes wat algemeen aangegee word vir die val van die vorige regering met die onlangse verkiesing krities beskou en nadruk daarop gelê dat enige verklaring veral aandag moet gee aan die feit dat die uitslag so onverwags was. Voor ek oorgaan tot die ondersoek van spesifieke oorsake wil ek eers die uitslag in breë trekke opsom teneinde punte soos die uitwerking van die verskil in afbakening tussen 1943 en 1948 te kan uitskakel.**

Ek gee hieronder 'n opsomming van die uitslag in alle kiesafdelings wat met altwee verkiesings bestry is. Die uitslag in 1943 is gevind deur oral die stemme van die verskillende kandidate saam te tel volgens hulle houding oor die oorlog. In 1948 is die stemme uitgebring op sekere onafhanklike kandidate by die stemme van die Nasionaalgesindes gevoeg. In Kimberley-stad b.v. word die stemme uitgebring op mnr. Trehaeven algemeen beskou as 'n aanduiding van die Nasionale Party se stemkrag in daardie kiesafdeling. Dit is moontlik dat die onafhanklike kandidate sekere stemme getrek het wat nie deur 'n amptelike Afrikanerkandidaat verkry sou word nie. Aan die ander kant sou 'n amptelike A.P. of H.N.P.-kandidaat stellig beter gevaar het onder seker ander kiesers. My mening is dat die verkiesing bewys het dat onafhanklike kandidate baie min aanhangers het en dat die insluiting van hierdie kandidate eerder die stemkrag van die Nasionaalgesindes onderskat as oorskat. Ek het hulle ingesluit omdat ek die verkiesingsuitslag liewers vir groot gebiede wou vind as vir indiwiduele setels en op hierdie wyse die uitwerking van die verskil in afbakening in 1943 en 1948 grotendeels uitskakel.

As gevolg hiervan kon die uitslag in 107 kiesafdelings in 1943 vergelyk word met die uitslag in 105 kiesafdelings in 1948 wat omtrent dieselfde gebied beslaan. In die geval van Bethlehem is die stemme deur die onafhanklike kandidaat daar by die van die V.P. getel. Dit is egter nie in Mosselbaai gedoen nie omdat die onafhanklike kandidaat in Mosselbaai teruggetrek het en die stemme stellig nie die krag van die V.P. in Mosselbaai weerspieël nie. Van 43 kiesafdelings wat in 1948 buite rekening gelaat is, is drie deur die H.N.P. verower en 40 deur die opposisie-kombinasie. Hier volg die uitslag: —

### *Deur Navorser*

**1943 UITSLAG**

**40 Stedelike Setels**
V.P.-Arb. 184,882 stemme — 36 setels
Nas., ens. 98,991 stemme — 4 setels
V.P. meerderheid 85,891.

**66 Plattelandse Setels**
Nas. ens. 228,521 stemme — 36 setels
V.P.-Arb. 201,537 stemme — 30 setels
Nas. meerderheid 26,984.

**1948 UITSLAG**

**44 Stedelike Setels**
V.P-Arb. 194,832 stemme — 27 setels
Nas. ens. 172,415 stemme — 17 setels
V.P. meerderheid 22,417.

**63 Plattelandse Setels**
Nas. ens. 284,662 stemme — 59 setels
V.P.-Arb. 192,041 stemme — 4 setels
Nas. meerderheid 92,621.

**Ommeswaai**
Stedelike setels 63,474 — 1443 per setel
Platt. setels 65,637 — 1042 per setel
129,111 — 1218 per setel.

TREK NA STEDE

Uit die uitslag bo val dadelik op dat die ommeswaai sowat 400 meer stemme per setel is in stedelike as in plattelandse kiesafdelings. **Dit kan, meen ek, grotendeels toegeskrywe word aan die trek van Afrikaners na die stede.** Dit is wel waar dat dit juis in die stede is waar die organisasie van die Nasionaalgesindes in 1948 veel beter was as in 1943, maar selfs dit val tot 'n mate saam met die trek na die stad, want daardeur het hulle ook die nodige helpers verkry.

Dit is soms misleidend om bloot die ommeswaai in oënskou te neem. In Engelse gedeeltes van ons land het die V.P. ook die voordeel van die bevolkingsvermeerdering gehad en dit het 'n groot gedeelte van die Nasionale stemtoename geneutraliseer. Hier is 'n beter vergelyking die toename in die stemme uitgedruk as 'n persentasie van die stemme wat die Nasionale kandidaat in 1943 ontvang het. Die V.P. kandidaat het in Drakensberg in 1948 16% meer stemme gekry as in 1943, maar die Nasionale kandidaat 95% meer. In Pietermaritzburg Stad is die ooreenstemmende persentasie 11% en 75%. Dit is egter geriefliksie om die 107 kiesafdelings as 'n eenheid te beskou en te probeer om 'n verklaring te vind waarom die posi-

# Meer Jong Afrikaners As Engelse

sie van die Nasionaalgesindes met 1218 stemme per kiesafdeling verbeter het. Op die wyse skakel ons ook die uitwerking van plaaslike omstandighede soos afbakeningsverskille, sterk of swak kandidate uit.

BEVOLKINGSGROEI

**Een van die belangrikste redes vir die gunstiger uitslag uit die oogpunt van die Nasionaalgesindes wat byna geheelenal oor die hoof gesien is deur kommentators van sowel V.P. as van Nasionale kant, lê in die feit dat die Afrikaanse deel van die bevolking heelwat vinniger aanwas as die Engelse deel van die bevolking.** Syfers om hierdie bewering te staaf vind mens in die opgawes van die 1936-sensus. Toe het byna 56% van die blanke bevolking hulle huistaal as Afrikaans opgegee en 39% Engels. Die ander 5% is opgemaak uit 2½% „Afrikaans en Engels", byna 1% Duits en omtrent net soveel Joods, en onbeduidende groepies ander tale.

Vir elke Engelsman in die bevolking as 'n geheel was daar 1.43 Afrikaners. Hier laat ek die kleiner groepe buite rekening en neem aan dat die 2½% met 'n tweetalige huistaal eweredig opgedeel kan word tussen die ander rasse — moontlik was hierdie groep meesal ook Afrikaners. **Neem 'n mens die bevolkingsgroep tussen 7 en 20 in ag, vind 'n mens vir elke 100 Engelse 183 Afrikaners, en vir die groep onder sewe jaar nie minder nie as 215 Afrikaners vir elke 100 Engelsmannetjies. Aan die ander kant was daar in die groep bo 21 jaar slegs 115 Afrikaners vir elke 100 Engelse.**

Vervolg op bls. 7 kol. 1

## Administrasie Van ‚Die O.B.' Voortaan Alles In Kaapstad

**Sal lesers en adverteerders asseblief daarop let dat alle advertensies vir „Die O.B." en korrespondensie in verband daarmee vanaf 1 Julie gerig moet word aan Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kaapstad en nie meer na Pro Ecclesia, Posbus 28, Stellenbosch nie.**

**Ook word weer daarop gewys dat alle stukke vir en briefwisseling met die Redaksie, asook intekenings en adresveranderings na die bostaande adres te Kaapstad gestuur moet word en nie na Stellenbosch nie.**

**Die kantooradministrasie van „Die O.B." is nou in sy geheel in Kaapstad gevestig.**

# BRITSE HOUVAS OP PERS VAN NEDERLANDE

**Feitlik al die vooraanstaande dagblaaie in Nederland en België wat gedurende die oorlog 'n neutrale standpunt ingeneem en geweier het om kant te kies vir die Geallieerdes, is na die oorlog met behulp van Londen deur uiterste pro-Britse ondergrondse weerstandsmagte oorgeneem sodat die openbare mening tans in Nederland doelbewus in 'n pro-Britse rigting gelei word, volgens 'n vooraanstaande Belgiese geleerde, wat tans in Kaapstad vertoef, Die O.B. meedeel.**

**Hierdie feit is ook 'n verklaring waarom die Nederlandse pers oor die algemeen 'n vyandige houding teenoor die nuwe regering ingeneem het.**

**Die beslaglegging op die blaaie het eintlik in die laaste jaar van die oorlog plaasgevind toe selfs die name van die groot dagblaaie afgeskaf is en die name van ondergrondse blaadjies wat gedurende die oorlog verskyn het, daaraan toegeken is.** Selfs van die redakteurs en leidende lede van die redaksies is ontslae geraak en „pro"-manne is aangestel. 'n Beter voorbeeld in hierdie verband is dié van „De Telegraaf", een van die bekendste dagblaaie, is moeilik te vind. Volgens 'n hofbevel is verbied dat daar binne die volgende 30 jaar weer 'n koerant met dié naam verskyn. **Tans verskyn die blad onder die naam van „Parool", die naam van 'n ondergrondse pro-Britse blad gedurende die oorlog.**

**VERVOLG**

Dag- en weekblaaie wat nie met een of ander streek oorgeneem kon word nie, is voor die hof gedaag omdat hulle „die openbare mening gedurende die oorlog vergiftig het". Hiervoor moes hulle sulke groot boetes betaal dat sommige verplig was om te likwideer.

Die Standaard-groep in België, wat ook hierdie lot getref het, is tans besig om hul eie pers terug te koop en terug te keer na hulle onafhanklike beleid.

Die meeste dagblaaie verskyn vandag in kleiner formaat en beskik tans ook oor 'n baie kleiner sirkulasie as voor die oorlog aangesien die belangstelling in die dagbladwese as gevolg van die Pro-Britse-beleid aansienlik afgeneem het.

# Rhodesië Lei Naturelle Op Vir Leër

Die regering van Rhodesië het aangekondig dat hy nie alleen sal voortgaan met die opleiding van naturelle in die leër nie, maar dat hy ook dié afdeling gaan uitbrei. Die naturelle sal in die plek van die Britse Indiese leër, wat nou verval het, opgelei word, volgens berigte uit Salisbury. Die eerste minister, sir Godfrey Higgins het aangekondig dat die verlies van die Indiese leër 'n groot slag is vir die Britse Ryk.

Die aankondiging dat naturelle opgelei sal word het 'n groot protes van die kant van die bevolking ontlok.

# Soek Sensasie

Die rede waarom baie mense koerante lees, is onlangs treffend in Hongarye geïllustreer.

Die Hongaarse pers het opdrag ontvang om voortaan geen sensasionele opskrifte in koerante te plaas nie. Een tydskrif wat gewoonlik 'n skamele geklede vrou op sy voorblad gehad het, en dit toe voortaan nie meer kon publiseer nie, se sirkulasie het binne die eerste week met 50,000 gedaal.

## *Is Dit U Erns?*

**Is dit u werklik erns dat die gedagte van die Ossewabrandwag seëvier? Indien ja kan u daardie ideaal verwesenlik deur intekenare op ons blad te werf. As elke lid van die O.B. slegs een intekenaar werf, dan is daar soveel duisende volksgenote wat kennis neem van u standpunt. Werf daardie intekenare nou!**

# Amptenare Terug In O.B. Verwelkom

**Onderstaande verwelkoming word aan amptenare namens die O.B.-leiding gerig:**

**WELKOM TERUG!**

Meer as sewe jaar gelede het die pasgevalle regering deur een van sy menigvuldige Noodregulasies alle staatsamptenare verbied om lede van die Ossewabrandwag te wees. Duisende van ons kamerade wat in die diens was, het hierdie verbod bitterlik gewraak en was bereid om desnoods tot verset of weiering oor te gaan; hul eed wou hulle nie verbreek nie.

Deur sy „Eervolle Ontslag"-bevel van destyds het die O.B. hulle teen die vervolgsug van die regering beskerm. Hulle was nie genoodsaak om eedverbrekers te word nie en tog was die vyandelike regering nie by magte om hulle te vervolg en uit die diens te sit nie. Die bevel van destyds het o.a. gelui dat ons 'n streep trek deur hul name maar nie deur hul harte nie en dat ons aan hulle sê: „Totsiens!"

**VOLHARDING**

Intussen is die sware stryd sewe jare lank deur hul kamerade wat buitekant die staatsdiens was, met taaie volharding gestry en die mans en vroue wat in 1941 eervol uit ons geledere ontslaan is, hangende die herroeping van die gewraakte noodregulasie, kan danksy die volharding van die ander weer inskakel in die geledere van 'n non-partypolitieke Beweging wat alle storms deurgesteier het en nou weer vorentoe en opwaarts begin beweeg.

**Ons neem aan dat elkeen van die eervol-ontslanes, wat nie uitdruklik hom of haarself uit die eedgenoodskap van die O.B. onttrek nie, nou outomaties weer lid word.**

En aan die wat nou weer inskakel sê ons, in alle hartlikheid: „Ons broer, ons suster . . . welkom terug! Na sewe jaar se skeiding is die vreugde soveel dieper!"

# MYNWERKERS KOM OOREEN

Die stryd tussen die twee seksies van die Mynwerkersbond wat nou al jare sloer, is verlede week beëindig toe algehele eenstemmigheid oor alle punte van verskil bereik is.

Daar sal in alle waarskynlikheid 'n nuwe verkiesing in November gehou word om skagverteenwoordigers te kies. Daar is ook ooreengekom dat alle werkers wat gedurende 1947 aan die staking deelgeneem het, en nie weer hul dienste kon hervat nie, weer sal kan stem as hulle tot die nywerheid terugkeer.

# GENERAALSKAP NOG AAN BEWEEG

Goed bygewone vergaderings is te Paul Roux en Senekal gehou toe komdt. Vale Ferreira onlangs Generaalskap C6 besoek het in verband met organisasie. Julian Visser, wat onlangs uit die Baviaanspoortkamp losgelaat is, het komdt. Ferreira vergesel, berig ons korrespondent.


Genl. H. A. J. du Toit

Dit was baie aangenaam om weer die ou veterane uit die dae van die begin van die stryd op hul poste aan te tref. Die taaie volharding waarmee die offisiere, en veral genl. H. A. J. du Toit, hulle van hul taak kwyt, verdien alle lof.

Komdt. Ferreira het gewag gemaak van die tipe Afrikaner wat offisiere in die beweging is, 'n egte Boeretipe uit wie se oë mens geesdrif sien straal en wat vertroue inboesem.

Die nuwe organisasiemetode van kleiner eenhede is eenparig aangeneem. Mnr. Visser is oral geesdriftig ontvang. Hy het sy dank uitgespreek vir die liefde en goeie sorg wat hy van die kant van die Ossewabrandwag geniet en van al sy peetouers ontvang het.

Generaalskap C6 is nog steeds aan die beweeg en verdien sy spore.

## Intekenare Se Mooi Gebaar

**Etlike intekenare van die O.B. het reeds gunstig gereageer op die aankondiging dat ons intekengeld na 12s. 6d. verhoog is. Verskeie persone wat hul intekening hernu het ingevolge die rekeninge volgens die ou tarief, het die bykomende 2s. 6d. bygevoeg. Die administrasie van Voorslag waardeer hierdie sportiewe houding baie.**

**Soos reeds aangekondig, is die intekengeld weens die hoë drukkoste na 12s. 6d. verhoog. Dit geld vir alle nuwe intekenare. Intekenare wat reeds hulle rekenings vir die komende jaar volgens die ou tarief ontvang het, is nie verplig om meer as 10s. te betaal nie. Die direksie stel dit egter baie op prys waar hulle tog die nuwe bedrag by vereffening in gedagte hou.**

# IMMIGRANTE PALM FAMILIEPLASE IN

**Ryk Britse immigrante is nie net besig om die een klein Afrikaanse sake-onderneming na die ander uit te koop nie, maar ook om die beste en bekendste Bolandse plase in te palm.**

Verlede week het 'n immigrant met die naam van „Markies van Tavistock" en erfgenaam van die Bedford-miljoene die plaas Waterval in die Dal Josaphat-Klein Drakenstein-gebied teen £20,450 gekoop. Die plaas self is 100 morge groot en is bekend vir sy olywe, vye en ander vrugte.

'n Ander immigrant het ook verlede week naby Paarl 'n plaas vir £32,000 gekoop.

Hierdie twee gevalle is geen uitsondering nie. 'n Aansienlike aantal familie-plase het reeds sedert die begin van die immigrasieskema in die hande van vreemdelinge oorgegaan. 'n Paar maande gelede het 'n immigrant 'n plaas naby Riverside vir £35,000 gekoop.

**Daar is sekerlik geen tekort aan hierdie soort „vakmanne" nie wie se enigste bydrae tot die land se ekonomie op die oomblik is dat hulle die lewenskoste nog hoër opjaag vir diegene wat met die arbeid van hul hande 'n sukkelende bestaan moet voer.**

## ONGEWENSTE IMMIGRANTE BY HONDERDE

Mengelmoes - immigrante is nog steeds besig om in Suid-Afrika aan wal te spoel. Voorverlede week het daar in Durban 'n vrag van 608 immigrante aangekom onder wie daar nie minder as 17 verskillende nasionaliteite was nie. Van hulle was 348 "Britse" onderdane, maar 60 persent van hulle kon geen woord Engels praat of verstaan nie. Die res het bestaan uit Littouers, Grieke, Pole en „Duitsers".

# Kommunis Bekoor Engelse Pers Nog Steeds Met Demokratiese Toorfluit

**Omdat Stalin homself 'n demokraat genoem het, het die Westerse staatsmanne hom as 'n vriend aanvaar. Omdat die Ossewabrandwag deur sy vyande 'n „Nazi-organisasie" genoem word, het baie mense in Suid-Afrika hom as 'n vyand beskou.**

**Op die oomblik nog beskou die Engelse pers met sy Verenigde Party die Ossewabrandwag as 'n baie groter vyand as die Kommunistiese Party.**

Hulle sidder by die gedagte dat daar dalk net teen die Kommunistiese Party stappe gedoen kan word en nie ook teen die Ossewabrandwag nie teen wie alleen tydens die oorlog onderdrukkende maatreëls toegepas is en nie ook teen die Kommunistiese Party nie, wat toe die vriende van die „demokratiese" oorlogsbewind was.

Dit is opvallend dat die Cape Times op dieselfde bladsy waarop dié deel van Ernest Bevin se toespraak verskyn waarin hy verklaar dat Brittanje nie die Russiese vertolking van die demokrasie kan aanvaar nie, ook 'n berig met instemming plaas waarin die distriksekretaris van die Kommunistiese Party aan die Rand, mnr. Danie du Plessis, toegelaat word om te beduie hoe die Kommunistiese Party in Suid-Afrika hom beywer vir die demokratiese vryhede van die volk.

SOETKOEK

Hoor net wat hierdie kommunis aanbied en wat die Engelse pers so heerlik vir soetkoek opeet:

„Dit is niks snaaks dat die Nasionale regering nie iets oorspronkliks kan uitdink nie. Hy het nog altyd Nazi-Duitsland, Fascistiese Italië of die idees van 'n ander **vreemde** moondheid nagevolg. Die Kommunistiese Party is 'n produk van die volk van Suid-Afrika, **nie 'n invoering van buite, soos die idees van die Nasionaliste nie!"**

En dan onderstreep die blad die volgende stukkie uit die mond van sy kommunistiese segsman:

„Ons het groot geword in 'n gemeenskap waar ons 'n aantal vryhede het, en ons sal saam met ander demokratiese magte in hierdie land veg om ons vryhede te behou."

„ERNSTIGE TOESTAND"

**'n Paar jaar gelede het die Cape Times se voormanne in Engeland ook Stalin se mooi woordjies oor die demokrasie opgepik vir soetighede. Hulle het toe die hele Oos-Europa aan hom oorhandig vir „demokratiese opvoeding". Tans ag die Britse minister van buitelandse sake dit nodig om sy parlement te waarsku dat hulle nie die vertolkings van Stalin oor die demokrasie kan aanvaar nie, en dat die toepassing van hierdie „demokratiese vryhede" in Berlyn en Tsjeggo-Slowakye die Britse regering kan dwing om die parlement voor 'n „ernstige toestand" te stel.**

Maar in Suid-Afrika aanvaar die Engelse pers nog Stalin se soetsappighede oor die demokrasie! **Hulle aanvaar ook nog Stalin se beskuldigings dat almal wat teen die kommuniste is, „Naziste" of „Faciste" is. Daarom beveg hulle die Ossewabrandwag saam met Danie du Plessis en sy „ander demokratiese magte".**

## VRYE HOSPITALE IN TRANSVAAL

Vrye hospitaaldienste sal kragtens die Transvaalse Ordonnansie wat in 1946 aangeneem is, vanaf 1 Augustus in daardie provinsie in werking tree.

Die Mediese Vereniging van Suid-Afrika het verlede week weer opnuut beswaar gemaak teen die vrye hospitaaldienste. Daar is verklaar dat daar nie genoeg beddens in die Transvaalse hospitale sal wees nie. Die Vereniging doen aan die hand dat die Ordonnansie eers agterweë gehou word totdat die nodige geriewe beskikbaar sal wees.

## TEKORT AAN WERKERS DOG EMIGRASIE

Onderwyl Brittanje toelaat dat duisende emigrante die land verlaat om hulle in die dominiums te vestig, het daar 'n noodroep van die Britse regering opgegaan vir 20,000 ekstra werkers in die wolnywerheid. Die Britse regering is van voorneme om 'n werwingsveldtog van stapel te stuur sodat die ekstra werkers kan help om die Britse uitvoersyfer te verhoog. Selfs vroue met kinders sal ingespan word.

Die Britse regering sorg egter dat hy geen strooi in die weg van emigrante lê nie sodat hulle hul imperiale sending in die dominiums kan vervul en die ryksbande vaster knoop.

## KOMMUNISTE TREE IN BRES VIR 'LEGION'

Die verklaring van die Minister van Finansies, mnr. N. C. Havenga, dat hy nie bereid is om die „Springbok Legion" as 'n oudsoldate-organisasie te erken nie, het van geen koerant verontwaardiging uitgelok nie behalwe van die kommunistiese blad, The Guardian.

Die blad verklaar in 'n hoofartikel dat die „demokrate" deur sulke optrede verontrus word.

## Kommunisme Onder Inboorlinge

Dit kan spoedig blyk dat kommunisme 'n diep indruk gemaak het op die mense in die Britse kolonies in Wes-Afrika, lui die bevinding van 'n invloedryke Amerikaanse vereniging oor buitelandse beleid. Die inboorlinge in hierdie gebiede verkeer diep onder die indruk van die Sowjet-metode om agterlike bevolkings op te hef, aldus die verslag.

## In Volksdiens Heengegaan

Op 5 Maart is mev. Gezina Liebenberg van McTaggarskamp, Upington, oorlede. Sy was 'n getroue Brandwag en by geleentheid van 'n onlangse funksie is daar nog van haar handwerk opgeveil in belang van die O.B.-fonds. Daar is met waardering melding gemaak van haar diens en beklemtoon dat dit haar laaste daad in belang van die Ossewabrandwag was.

## MAAK HOUT UIT TURF

'n Proses om sintetiese hout uit turf te maak, is deur Duitse wetenskaplikes aangekondig. Dit vergelyk goed met eikehout, aldus die berig. Dit blyk ook dat die hout sterker is as ander houtsoorte, en kan gebruik word vir vloere, deure en vensters. — (Sapa-Reuter.)


BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.



diens
WAARDE
KWALITEIT
VERSKEIDENHEID
DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS
UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 7 JULIE 1948

# Herwaardasie Van Begrippe Nodig

Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake, het verlede week Suid-Afrika se hulp gevra om die Russiese blokkade in Berlyn te breek — nege jaar gelede is Suid-Afrika se hulp gevra om Berlyn se nek te breek. Die hulp sien in hierdie geval op lewensmiddele wat aan die 2,500,000 inwoners van die Westerse deel van die Duitse hoofstad gebring moet word ten einde hulle van ondergang te red.

Bevin het in sy toespraak voor die Britse parlement in dié verband ook benadruk dat Duitsland nie **„'n agterbuurte in Europa" kan bly nie, en dat hy derhalwe gehelp moet word om heropgebou te word en dat hy die nodige gereedskap daarvoor moet ontvang.**

Dit is alles woorde van wysheid hierdie, maar die krisis van Berlyn en die oproep aan Suid-Afrika om hulp sou nie vandag nodig gewees het indien hierdie wysheid 'n paar jaar eerder tot die Britse staatsmanne en hul bondgenote deurgedring het nie. **'n Paar jaar gelede, toe die grondslae gelê is vir hierdie krisis met sy oorlogsmoontlikhede, moes diegene in Suid-Afrika en elders wat teen die gevare van 'n wraakbeleid gewaarsku het, verneem dat hulle „fasciste" is en die goeie bedoelings van kameraad Stalin kwaadwilliglik in twyfel trek.** Rusland is bekeer tot die Christendom en die demokrasie, so moes die wêreld toe uit Londen verneem, en hierdie Russiese „Christene" en „demokrate" moes help om die Duitse „barbare" vir goed en altyd plat te druk. Ja tot so 'n mate plat te druk dat hulle nooit weer toegelaat mag word om 'n groter masjien te bou as 'n huishorlosie nie. **Alle fabrieke wat gereedskap vervaardig — die gereedskap wat Bevin nou so broodnodig het om aan die Duitsers te gee — moes afgetakel word, en vir die grootste deel — £1,750,000,000 se waarde, volgens Bevin — as oorlogsvergoeding present gegee word aan kameraad Stalin, wat dit met Duitse personeel en al net oorkant die grens weer opgerig het vir oorlogsproduksie. Ook Brittanje het tot aan die begin van hierdie jaar nog sy deel aan Duitse fabrieke in ontvangs geneem.**

**WYSHEID IN DIE KAN**

Die Duitsers moes 'n landbouende volk word, so het die wysheid uit Londen 'n paar jaar gelede gelui toe Britse staatsmanne en Josef Stalin nog glasies geklink het en op gemoedelike wyse mekaar liedjies toegesing het. Toe was die wysheid in die kan, en in Suid-Afrika was diegene wat met groter wysheid teen die gevaarlike spel met Moskou en die vernietiging van Duitsland gewaarsku het, in die tronk en in konsentrasiekampe. **Toe was die rooi lidmaatskapkaartjie van die Kommunistiese Party voldoende grond om deur die Minister van Justisie uit die hande van die gereg bevry te word.** Dit was die toestand slegs maar 'n paar jaar gelede.

Daar sit natuurlik nie veel sin in om verwyte uit te deel wanneer gemeenskaplike gevare dreig nie. **Maar wanneer diegene in Suid-Afrika wat medeverantwoordelik is vir die haglike wêreldtoestand, nou nog die Ossewabrandwag wat hom teen al hierdie dwaasheid verset het, met groter vyandskap bejeën as die kommunistiese vyfde kolonne van Josef Stalin, dan is dit nodig om dinge 'n bietjie in perspektief te bring.**

**NAAM NIE ALLES**

Ons het tydens en na die oorlog baie van die demokrasie verneem. Die Empire-handlangers in ons land het toe beduie dat Stalin 'n demokraat is en dat die Ossewabrandwag 'n vyand van die demokrasie is, en daarom saam met Duitsland vernietig moet word. **Dit blyk nou dat hierdie kringe begin besef dat mens nie 'n ding op sy naam kan taks nie.** Bevin het in sy toespraak verlede week ook weer van demokrasie gepraat. Maar hy het toe 'n ander opinie omtrent Stalin se demokrasie gehad as 'n paar jaar gelede toe die hele Balkan en Oos-Europa saam met een-derde van Duitsland aan hierdie diktator oorhandig is met die vriendelik versoek om dit in belang van die mensheid te „demokratiseer". **Stalin het sy aandeel van die buit „gedemokratiseer" onderwyl Bevin en sy vriende hul deel „gedenazifiseer" het. Ook in Suid-Afrika is alle „demokratiese" pogings — in hierdie geval volgens Stalin se vertolking — aangewend om die land te „denazifiseer" en die Ossewabrandwag moes dit ontgeld van alle kante.** Nou egter sê die heer Bevin: **„Die regering kan nie die vertolking van demokrasie aanvaar soos dit in Pole, Tsjeggo-Slowakye, Hongarye en ander Oos-Europese lande toegepas word nie."**

Die begrip demokrasie kan dus blykbaar taamlik ruim vertolk word!

Mag ons die vyande van die Ossewabrandwag vra of hulle in die lig van hierdie erkenning van die bestaan van verskillende vertolkings nie hul indeling van demokrasie, wat nog op die Potsdamse uitdelings van Europa berus, in hersiening wil neem nie? **Miskien sal hulle by nadere ondersoek die waarheid ontdek dat hulle net so gedwaal het in hul verwerping van alles wat „nazisme" heet as in hul arglose aanvaarding van „demokrasie" bloot op die naam af.**

# MEER LEWE IN DIE BROUERY

**Gedurende die afgelope maand het daar 'n hele aantal gebeurtenisse van wêreldbelang plaasgevind. In Amerika het die Republikeinse Party vir Thomas Dewey as sy kandidaat vir die Presidentsverkiesing in November benoem. In Palestina waar die Verenigde Volke se bemiddelaar, graaf Bernadotte besig is om vrede tussen Arabiere en Jode te help stig, het die Jode 'n ernstige terugslag gely as gevolg van botsing binne die eie geledere. Die rebelorganisasie Irgun Zvai Leumi en die voorlopige regering van die Joodse staat is dit oor belangrike sake nie eens nie en in Tel Aviv het dit reeds op 'n ernstige skietery uitgeloop. Die belangrikste wêreldnuus van die maand is egter sonder twyfel die Angel-Saksies-Russiese stryd om Berlyn en die groot breuk in die geledere van die Kommuniste wat met die uitsetting van Maarskalk Tito en ander Joego-Slawiese leiers uit die Kominform aan die lig gekom het.**

DIE STRYD OM BERLYN

Die kroniese stryd, die sogenaamde koue oorlog tussen die Weste en die Ooste het in Berlyn 'n nuwe hoogtepunt bereik. Deur die Russe se versperring van die toevoer tot die dele van Berlyn wat deur sy Westerse bondgenote beset word, is 'n uiters kritieke toestand in die lewe geroep. Deur die Russiese verbod op die distribusie van voedselware vanaf hul eie sone na die ander gedeeltes van die stad en hul versperring van die toevoer oor land (spoorweg- en motorverkeer) en water vanuit die Weste, sal ongeveer 2,000,000 Duitsers in die Westerse sones binne 'n maand deur 'n aaklige hongersnood bedreig word. Dit is immers sterk te betwyfel of die Westerse moondhede hierdie Duitsers deur middel van lugtoevoer, die enigste wat vir hulle oop bly, op die duur van die nodige sal kan voorsien.

Die dreigende hongersnood wat 2,000,000 Berlyners in die gesig staar, is egter nie die enigste aspek van hierdie Berlynse affêre nie. Hier in die Duitse hoofstad vind ook 'n baie ernstige kragmeting tussen die Ooste en die Weste plaas. Deur die invoering van 'n eie geldeenheid vir die Oostelike besettingsgebied en deur middel van 'n Oos-Europese vredesaanbod aan die verpletterde Duitsland het die Russe daarin geslaag om die Westerse moondhede en hul Duitse planne in 'n baie moeilike posisie te stel. Moskou is daarvan bewus dat die huidige Brittanje en Frankryk sonder Amerika betreklik magteloos is en dat Amerika self in die opgewondenheid van 'n presidentsverkiesing staan. Vandaar dat Rusland van die sielkundige moment en algemene politieke konstellasie gebruik maak om die hoë woord in Berlyn te voer.

Dit is dus van die allergrootste belang hoe Amerika en ander Westerse moondhede op hierdie nuwe Russiese uitdaging gaan reageer. Tot dusver het die magtige Amerika nog slegs met dreigemente van 'n nuwe wêreldoorlog op die Russiese uitdagings geantwoord, maar die manne van die Kremlin sal by hierdie tyd ook al weet dat dreigemente as sodanig tog nie so erg gevaarlik is nie. Hoe die stryd om Berlyn ook al mag eindig, behoort dit reeds nou vir elkeen duidelik te wees dat die stryd om Berlyn ook

*Buitelandse Oorsig*

*Deur Prof. Dr. J. A. Wiid*

die stryd om Duitsland en om Europa is. Dit is die stryd van die Christelike Weste teen die Kommunistiese Ooste. 'n Westerse nederlaag in Berlyn kan vir die Weste uiters noodlottig wees.

VERBROKKELING VAN DIE KOMMUNISTIESE FRONT

Die bitter pille wat die Westerse moondhede vandag en ook reeds vroeër deur die toedoen van hul Russiese bondgenote in die Duitse hoofstad en ook elders moes sluk, word enigsins versuiker deur die jongste nuus van inwendige onenigheid agter die Yster Gordyn. Die verbanning van die Joego-Slawiese diktator en sommige van sy vernaamste kollegas uit die Kominform is sonder twyfel baie belangrike nuus wat tonge en penne oor die hele wêreld in beweging gebring het. Sedert die verbanning van Trotsky deur die Bolsjewiste het geen gebeurtenis plaasgevind wat so skadelik vir die Kommunistiese eenheid kan wees as die jongste drastiese strafmaatreël teen die leiers van Joego-Slawië nie. Dit is op die oomblik nog nie moontlik om die reperkussies van hierdie gebeurtenis in hul volle omvang en betekenis met sekerheid te bepaal nie. Wensdenkers in die Weste sien reeds in hierdie botsing tussen Tito en die Kominform die begin van die einde van Kommunistiese eenheid en mag agter die Yster Gordyn. Dit is moontlik.

Aan die ander kant is dit egter ook moontlik dat die breuk geheel kon word en glad nie so ernstig en diepgaande is as wat in die nie-kommunistiese wêreld graag geglo word nie.

Die geskiedenis van die jongste tyd leer vir ons dat botsings onder bondgenote en ideologiese geesgenote geen seldsaamheid is nie en dat dergelike botsings nie altyd met noodlottige gevolge gepaard gaan nie. Is die kroniese botsings tussen Rusland en sy Westerse bondgenote dan nie 'n bewyskragtige voorbeeld vir hierdie stelling nie? En is Washington en Londen dit altyd so roerend eens oor beleidsake van groot betekenis? Die waarheid is dat daar vandag baie Britte is, en hulle is nie kommuniste nie, wat in die magtige Amerika 'n groter gevaar vir Brittanje en die Britse wêreldryk sien as in die Kommunistiese Rusland. Nêrens en botsings tussen bondgenote onderling hoef dus nie noodwendig noodlottig te wees nie. Die Bolsjewistiese suiwerings en die kragdadige optrede teen Trotsky en sy volgelinge het waarskynlik meer tot versterking as tot verswakking van die Russiese kolos bygedra. Die Rooi Gevaar vir die Weste het nie met die verbanning van Tito uit die Bolsjewistiese huisgesin verdwyn nie. Op die oomblik kan daar net gehoop word dat die inwendige Kommunistiese botsing tot verswakking en nie tot versterking van Moskou nie sal dien. Veel hang af van die inwendige reperkussies wat optrede van die Kommunistiese maghebbers moet volg.

DADE EN NIE WOORDE NIE KAN WÊRELD RED

Intussen gaan die na-oorlogse wêreld sy sukkelgang. Arbeidstakings en dreigende stakings gepaard met die nywerheidsontwrigting wat daaruit volg, bly nog alledaagse gebeurtenisse in die Westerse wêreld. Die Duitse krisis en die huidige kragmeting tussen die Ooste en die Weste in Berlyn lewer vandag die vernaamste toets vir toekomstige wêreldvrede. Maar dan sal die Weste hul dappere woorde ook met dappere dade moet gestand hou. As Bevin ten opsigte van die huidige Berlynse krisis die volgende verklaring in die Britse Laerhuis doen: „Ons het sake nou al maande verdra. Ek meen dat dit 'n poging is om te sien hoe lank ons senuwees dit sal verduur. Daar is nog geen teken dat ons senuwees ons in die steek laat nie", dan behoort Moskou presies te weet, as hy dit nie lankal weet nie, hoeveel waarde hy aan die senuwees, woorde en dade van die huidige maghebbers in Londen moet heg.

Die wêreld struikel oënskynlik onkeerbaar voort in die rigting van 'n derde wêreldoorlog, tensy.........

# ,Weg Met Godsdienstige Bygelowigheid' Sê Kommunistiese Blad

**'n Nuwe veldtog teen die kerk is onlangs deur die amptelike orgaan van die kommunistiese jeug in Rusland, Komsomolskye Pravda, van stapel gestuur, berig die bekende Britse blad, Review of World Affairs.**

Die Kommunistiese blad verklaar: **„Vir die vooruitgang van die Kommunisme is 'n groter stryd nodig teen die oorblyfsels van die burgoise-ideologie en moraal, insluitende godsdienstige bygelowigheid en vooroordele."** Review of World Affairs berig dat daar weer strenger teen priesters opgetree word en dat hulle in groot getalle na arbeidskampe gestuur word.

## In Engeland Se Voordeel

Suid-Afrika is nog steeds besig om baie meer goedere vanuit Brittanje in te voer as wat ons daarheen uitvoer en Brittanje is vinnig besig om sy gunstige handelsbalans met die Unie (en ongunstig vir Suid-Afrika) te verstewig.

Gedurende April het Brittanje goedere ten bedrae van £9,775,000 na die Unie uitgevoer terwyl hy maar net goedere ter waarde van bietjie meer as £2 miljoen van Suid-Afrika af ingevoer het.

# ENGELSSPREKENDES WORD NASIONAALBEWUS

**Die feit dat die Engelssprekende jingo-element baie vinnig besig is om invloed te verloor in teenstelling met die eerste kwart van die huidige eeu, blyk uit 'n hoofartikel van die Rand Daily Mail van 11 Junie. Dat die blad wel rede het om besorg te wees oor die moontlikheid van uiteindelike volkseenheid in die land op 'n nasionale grondslag, word bevestig deur 'n artikel in die jongste aflewering van die blad Selling, Engelse mondstuk van die handel.**

Die Daily Mail skryf sy hoofartikel na aanleiding van 'n uitlating deur adv. J. D. Jerling oor volkseenheid op 'n Suid-Afrikaanse grondslag na die voorbeeld van Amerika „met die gemeenskaplike ideaal van 'n groot, roemryke en vrye Suid-Afrika".

**„Waarom nie?" vra die blad. „Dit is 'n mooi gedagte en ons begeer niks meer as om dit ten uitvoer te sien bring nie."** Dat die blad dit mooi vind, kan eerder as 'n toegewing aan die neigings van sy eie lesers toegeskryf word as aan 'n opregte aanvaarding van die vryheidstrewe, wat nog altyd deur die blad teengestaan is. Maar dan kom die blad met sy verdagmaking. Hy bring adv. Jerling in verband met die Ossewabrandwag en verklaar dat laasgenoemde nie tydens die oorlog vir 'n gemeenskaplike poging gestaan het nie, en blykbaar ook nie nou nie.

O.B.-GEDAGTE STERK

**„Tog is dit nodig om in gedagte te hou dat dit (die O.B.) nog bestaan, en dat die geestesrigting wat dit verteenwoordig 'n uiters magtige faktor in die politieke lewe van die land is, sowel binne as buite die organisasie."**

Daarom, aldus die blad, moet daar 'n onderskeid getref word tussen die twee vorme „eenheid" wat hom in Suid-Afrika kenbaar gemaak het. Die een is dié van gelyke deelname deur albei die „seksies" van die volk — wat verkieslik is — en die ander die soort eenheid waarin die „seksie" die ander oorheers. Enige uitlating oor eenheid moet eers in die lig van hierdie twee strominge ondersoek word.

AFRIKAANSE STEMPEL

Dat die Daily Mail gedwing word deur die Engelse openbare mening wat steeds sneller 'n onafhanklike nasionaliteit, los van Engeland, begin aanneem, kan aangeneem word. **Die afgelope oorlog het 'n baie sterk Suid-Afrikaanse — indien nie Afrikaanse — stempel afgedruk op Engelssprekende soldate in die leër. „Die Union Jack het vir ons alle betekenis verloor en slegs die Unie-vlag het ons besiel," het een oudsoldaat in** Engels onlangs aan die O.B. gesê. Hierdie gevoel is besig om deur te werk in die Engelssprekende lae, en dit word in Engelse kringe reeds opgemerk. So skryf Selling, mondstuk van die Engelse handel in Suid-Afrika, in sy jongste aflewering as volg:

GEEN ENGELSE

„Dit herinner aan die feit wat ons al tevore in hierdie kolomme onderstreep het, dat daar 'n veels te groot neiging is by oorsese handelaars om die Engelssprekende seksie van die bevolking te beskou as Engels. **Hulle is inderdaad minder Engels as die Skotte... Engelse gewoontes, Engelse gebruike en Engelse kultuur lewe voort in Suid-Afrika. Almal is sterk ingegrawe en is besig om 'n Suid-Afrika te groei, maar hulle groei langsaam suiwer Suid-Afrikaanse gewoontes,** gedagtes, taal en maniere. Twee geslagte gelede, toe die meerderheid van die Engelssprekendes koloniste was wat in 'n oorsese smeltpot gevorm was voordat hulle na Suid-Afrika gekom het, was dit miskien reg om Suid-Afrika as 'n voorstad van 'n Engelse provinsiale dorp te beskou. **Vandag is dit 'n ernstige fout om dit te doen."**

Ook die Star het onlangs in 'n hoofartikel die noodsaaklikheid beklemtoon om rekening te hou met die feit dat daar 'n Suid-Afrikaanse patriotisme is en dat slegs hierdie soort denke in die toekoms sal deug.

## Dokter Het Geïnterneerdes 'Verwaarloos'

'n Britse dokter, John Smith, is onlangs skuldig bevind op vyf aanklagte dat hy sy werk in die Duitse interneringskamp te Nendorf, naby Hanover, „verwaarloos" het. Hy is deur 'n krygsraad verhoor en sal nadat hy sy vonnis uitgedien het, uit sy werk ontslaan word. Daar was aanvanklik sprake van 'n aanklag van mishandeling van geïnterneerdes.

# Inlywing By Unie Van Suidwes

**In politieke kringe in die Unie sowel as in Suidwes word daar aanhoudend gegis oor die planne van die nuwe regering met Suidwes-Afrika. Sal daar toegelaat word dat die gebied maar nog so 'n los aanhangsel van die Unie bly of sal dit as 'n vyfde provinsie by die Unie ingelyf word soos lede van die regering by vorige geleenthede in die volkraad gepleit het?**

Die politieke partye in Suidwes het reeds voorstelle aan die vorige Eerste Minister, veldm. Smuts, gedoen oor die toekoms van die gebied, maar hy het blykbaar nie genoeg daarmee geneem nie en dit terug verwys.

Dit is nou bekend dat dr. Malan na samesprekings met kol. P. I. Hoogenhout, Administrateur van Suidwes, aanbeveel het dat die twee politieke partye in Suidwes saam beraadslaag en voorstelle in die verband indien. Die samesprekings tussen die twee partye sal dus 'n half amptelike stempel dra. Aanbevelings in hierdie verband sal waarskynlik nie voor die aanstaande sitting van die parlement ingedien word nie.

OORWEGINGS

By die oorweging om Suidwes by die Unie in te lyf, sal die regering hom op die huidige stadium blykbaar laat lei deur die aantal ondersteuners wat die Nasionale Party aldaar na die Volksraad kan stuur. Na gemeen word sal die twee groepe, die V.P. en die H.N.P. waarskynlik 'n gelyke aantal lede kan stuur te oordeel na die sterkte van die partye.

Aan die ander kant moet ook rekening gehou word met die internasionale implikasies wat so 'n stap mag uitlok. Suidwes is as mandaat aan die Unie toegesê onder die ou Volkebond, aan wie hy verantwoordelik was vir die bestuur.

## GOUD-ATOME TEEN KANKER

Die mediese wetenskap het weer 'n stap vooruit gevorder in die bestryding van kanker deur 'n plaasvervanger vir radium by die behandeling van kanker uit te vind. Radio-aktiewe goudatome is in kankergewasse ingespuit wat dit laat sterf het. Soortgelyke atome is met groot sukses aangewend by 'n soort bloedarmoede wat dikwels noodlottig is.

Radio-aktiewe middels kan ook gebruik word om siektes op te spoor.

## Hond Wat Bril Dra

Dit gebeur nie dikwels dat oogartse gevra word om die oë van honde onder die mes te neem nie, maar as die hondegids van 'n blinde besig is om blind te word, dan is 'n operasie op die oë van die hond noodsaaklik.

So het dit dan ook onlangs in Los Angeles gebeur toe die hond van Ralph Cross begin blind word het en Cross hom nie meer op straat kon waag met die hond omdat dié hom teen allerhande dinge laat vasloop het.

'n Oogarts is daarna versoek om die hond, Ethel, onder hande te neem en 'n operasie is op die hond se oë uitgevoer. Dit was 'n groot sukses. Tans dra die hond 'n bril en die arts sal een van die dae weer die hond se oë toets om vas te stel of hy nie weer nuwe glase nodig het nie.

# Smuts Erken Dat Sy Party Vreemd Is Aan Volk

**In 'n oproep tot sy party om alle magte te verenig teen die regering, het genl. Smuts verlede week die volgende betekenisvolle verklaring gedoen nadat hy die nasionale oorwinning vergelyk het met die gevaar van die „Nazisme en Kommunisme":**

„Die Nasionaliste is nie net 'n party nie. Hulle is 'n netwerk van alle soorte magte. Hulle het hul organisasies aan alle fronte — kerk, staat, skole, handel en nywerheid — almal onder een gesag, die Broederbond. **Ons daarenteen het net ons party om op staat te maak."**

As genl. Smuts se party homself as die teenstander beskou van al hierdie Suid-Afrikaanse instellings en lewensfere wat hy opnoem, vind hy dit dan nog vreemd dat hy 'n nederlaag gely het? **Dan erken hy mos self dat sy party alleen staan in Suid-Afrika, los van al die vertakkinge van die volk!**

OORSEE

Maar genl. Smuts se party staan nie so alleen as wat hy wil voorgee nie. Dit is tot 'n groot mate waar sover dit Suid-Afrika betref. **Hier staan hy los van alle volksverband, maar agter hom staan Brittanje en die internasionale kapitalisme.**

**Genl. Smuts het in hierdie paar woorde dit so duidelik as nodig gestel dat hy aan die hoof staan van 'n politieke party wat geen besieling en steun in die volkse kringe van Suid-Afrika ontvang nie.** En aangesien almal weet dat hierdie party sy besieling vind in alles wat uitheems is, kan hierdie uitlating van genl. Smuts ook dien as 'n treffende bewys van hoe die Britse parlementêre stelsel dit moontlik maak vir 'n buitelandse of internasionale mag om 'n vyfde kolonne in ons land op te bou in 'n amptelike gedaante wat dit selfs reg kan kry, soos in 1939, die bewind oor te neem en vir nege jaar lank as 'n Suid-Afrikaanse regering te poseer onderwyl werklik nasionale elemente onverhoord in tronke en interneringskampe gestop word.

OOK MOSKOU

As daaraan herinner word hoe dr. Colin Steyn in sy ministeriële hoedanigheid verklaar het dat dit onmoontlik is om teen die Kommunistiese Party op te tree omdat hy ook 'n politieke party is wat reg het om aan die parlementêre stryd deel te neem, **dan kan besef word dat dit nie net vir 'n Britse vyfde kolonne moontlik is om die mag sonder slag of stoot oor Suid-Afrika in hande te kry nie, maar ook vir 'n Moskouse vyfde kolonne of van enige ander vreemde moondheid.**

BESEF DIT

Geen wonder nie dat die Engelse pers in ons land so venynig is op die Ossewabrandwag en veel eerder sy vernietiging sien as dié van die Kommunistiese Party. **Hulle besef dat die Ossewabrandwag hierdie bedreiging van vyfde kolonnes in die vroom gedaante van „wettige" partye binne die landskonstitusie raaksien. Hulle besef ook dat die republikeinse stelsel wat die O.B. nastrewe, soos dit in die ou Transvaalse Republiek bestaan het, dit vir uitlandse vyfde kolonnes net so min moontlik sal maak om 'n „gewettigde" staatsgreep soos in 1939 uit te voer as wat dit in die dae van Oom Paul moontlik was. Toe kon alleen die metode van geweld aangewend word om die staat in te palm — en ook nie altyd met welslae nie, soos die Jameson-inval bewys het.**

Die Verenigde Party as organisasie is 'n vreemde en on-Suid-Afrikaanse ding. Dit het genl. Smuts nou erken. Ongelukkig sit hy met duisende goeie Suid-Afrikaners wat nog in goedgelowigheid vaskleef aan wat hul as hul eie beskou.


A.V.B.O.B.
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7188) Newton


## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van........................
vir die eerste..............................maande.

NAAM: ..........................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................................................
..........................................................
..........................................................
..........................................................

*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per** 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

**VAN ROOYEN.** — Aan Nantie en Inus 'n seuntjie op 21 Junie 1948. Posbus 145, Dundee. 7/7/1B.

### IN MEMORIAM

**OLWAGEN.** — Onvergeetlik sal die dag van 8 Julie 1947 altyd vir ons bly, toe ons dierbare eggenoot, vader en oupa, Hendrik Johannes, so skielik deur die dood van ons weggeneem is. Ons swyg O Heer, dit was U wil. Sy verlangende eggenote en kinders — Van Rooyen-gesin, Ysterplaat, Kaapstad. 7/7/1.

### BENODIG

Weens siekte genoodsaak om weer te adverteer vir een aktiewe voorman met ondervinding van algemene boerdery op 'n Karoo-plaas. Kennis van skape 'n eerste vereiste. Meld ouderdom, ondervinding en salaris verlang.— **A. VILJOEN**, Bloemhof, **Richmond**, K.P. 23/6/3

### BOME, PLANTE EN SAAD

**GOEWERMENTSGESERTIFISEERDE** Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS,** P.K. Schoemanshoek **Oudtshoorn.** 21/4/TK

**LUSERNSAAD.** — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. £9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoornstasie. K.M.B. — **D. S. DU TOIT,** P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

**ROOSBOOMPIES** vir onmiddellike planting. Skryf om gratis pryslys. **LA MOTTE-KWEKERY, P.K. La MOTTE.** 7/7/TK.

### GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS. — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

### MEUBELS

**MEUBELS. — Beter meubels teen** billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11.

**MEUBELS** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK.

### OORTREK VAN KNOPE

Stuur Materiaal na **Mev. C. Meyer,** Posbus 60, **Christiana.** 1/- grootte 2/3 per dosyn, 3d. grootte 2/- per dosyn. K.M.B. Sluit drie pennies vir posgeld in. 30/6/2B.

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### TE KOOP

**BOERE, AANDAG!** — Uitverkoping van voorraad nuwe klere en skoene, asook tweedehandse militêre klere, elke Saterdagoggend by **NICK NEETHLING,** Lady Greystraat, **PAARL.** Foon 1253. 12/5/TK

**LUSERN TE KOOP.** — Eerste graad lusern 5/9. Tweede graad 4/9. Graslusern soos gesny van lusernlande, goeie voer, 3/9. Alles per 100 lb. V.O.S. Kirkwood. **J. H. STIEMIE,** Posbus 46, Kirkwood, K.P. 7/7/4.

### TE KOOP AANGEBIED

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps £7, Leghorns en Kruis teen £6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van henne wat uitgesoek is deur eienaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN,** „Weltevrede Pluimveeplaas," P.K. Kerstfontein,

**LEGHORN-HENNETJIES.** — Ek bied weer aan my sesweke oud wit Leghorn-hennetjies uit baie goeie bloed, teen 6/6 elk. K.B.A. gelewer Liechfield-Halt. Stuur hokke terug: **MEV. P. C. DE CONING,** Alpha, Indwe. 7/7/1B.

### SOUT TE KOOP

**BOEK** u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, £4; No. 1, £3/15/-; No. 2, £3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaai Soutwerke. Bestel: **Komdte. mev. MARTIE VENTER,** P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

# ‚ALMAL MOET BINNE EEN PARTY WEES'

**Minister J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in Transvaal, het verlede week verklaar dat al diegene wat hul steun aan die Nasionale Party gedurende die verkiesing gegee het, by een party moet aansluit.**

Met verwysing na die les wat uit die verkiesing geleer is, het mnr. Strydom verklaar: „Dit is dat almal wat hierdie (blank Suid-Afrika) ideaal huldig, bymekaar moet staan in een en dieselfde party.

„Daarom moet dit vir elkeen wat sy gesonde verstand wil gebruik duidelik wees dat, as ons — al hierdie mense wat ek genoem het — voortgaan om aan verskillende partye en organisasies te behoort en verskillende ideologieë op staatkundige en ander gebiede te verkondig, daar noodwendig voortdurend wrywing, botsing en verdeeldheid moet heers," aldus mnr. Strydom.

### ANDER MENING

In verband met samewerking het 'n bekende medewerker van Dagbreek voorverlede week weer verklaar „dat die Afrikaanse partyverband alleen nie genoeg is nie". Vir volkseenheid, het hy gesê, is nodig dat aan al die buitestaande groepe 'n gelykwaardige grondslag gegee moet word waaruit hulle aan die stryd kan deelneem. „Laasgenoemde is alleen moontlik deur ander groepe . . . hetsy bestaande of nog te stigte, uit te nooi om met behoud van identiteit en met volle gelykwaardigheid saam te werk in 'n waardige volksverteenwoordigende politieke verbond.

**Pretoria-Mark**

**PRINSLOO EN VENTER**
**MARKAGENTE**

Van der Waltstraat 268
Posbus 361 - Foon 2-2208
**PRETORIA**

(Mede-eienaar en Bestuurder:
J. P. BOTHMA)

Garansie van £2,500 by die Staat

Probeer ons vir beter diens!

*SKRYF OM GRATIS*
*★ ETIKETTE*
*★ MARKVERSLAE ENS.*

# VOLKEGROEI BELEMMER DEUR GERIEWE-TEKORT

**Die ernstige gebrek aan kraamgeriewe in die Kaapse Skiereiland is besig om 'n bedreiging te word vir die natuurlike aanwas van die blanke bevolking in die Suide. Onderwyl 214,000 blankes saamgedruk sit in woonstelle, losieshuise en hotelle sodat tuisgeboortes, volgens gesaghebbendes, tot 'n baie groot mate uitgeskakel word, het die Hospitaalraad slegs 14 beddens vir blanke vroue beskikbaar terwyl private inrigtings 80 beddens aanbied. Konserwatief bereken is daar volgens 'n neergelegde maatstaf 'n tekort aan meer as 200 beddens om in die aller noodsaaklikste dienste te voorsien.**

Hierdie toestand stem tot ernstige nadenke, want indien daar nie op een of ander stadium iets gedoen word om meer kraamgeriewe beskikbaar te stel nie, kan dit alleen bydra om die lae geboortesyfer nog meer te beperk.

Die 14 beddens wat tot beskikking van die Hospitaalraad is word hoofsaaklik gebruik vir minder gegoedes wat nie in staat is om die volle koste te betaal nie. Die tariewe van die private inrigtings waarop die gewone ouerpaar toegewys is, is so hoog dat hulle dit skaars een of twee keer in hul leeftyd kan bekostig om 'n kind in die wêreld te bring. Indien hulle nie vir hierdie private kraaminrigtings kans sien nie, is hulle toegewys op die dienste van 'n gewone siekeverplegingsinrigting — dit wil sê as hulle gelukkig genoeg is om ses maande vooruit 'n plek in die reeds oorvolle hospitale te kry.

### VERDUBBEL

Tuisgeboortes het sedert die afgelope vyf jaar in die stedelike gebied vinnig afgeneem en volgens amptelik aan Die O.B. meegedeel is, het die stormloop na die bestaande kraaminrigtings meer as verdubbel. Hierdie toestand word tot groot hoogte gewyt aan die oorbevolking in die stad. Dokters ontmoedig ook tuisgeboortes sover hulle kan aangesien dit nie net veiliger vir die moeders is nie maar ook baie geriefliker vir die geneeshere. Daarby het die volk in vergelyking met 'n tiental jare gelede besonder „gesondheid-bewus" geword en beskou hulle dit as onveilig om gedurende hierdie tyd tuis te bly.

### NIKS GEDOEN

**Die stroom van aansoeke van blanke moeders om toegelaat te word tot kraaminrigtings onderstreep opnuut die behoefte aan meer inrigtings, is amptelik aan Die O.B. meegedeel, maar hoewel die aansoeke gewoonlik as basis gebruik word vir die aantal geriewe wat beskikbaar gestel word, is tot dusver niks gedoen om die toestand te verbeter nie. Daar word maar stil gesit en gewag om te sien wat van vrye hospitaaldienste, wat reeds veel bespreek is, gaan word.**

### BENEDE VERHOUDING

Deur medici word algemeen aanvaar dat die verhouding van 1.5 kraambeddens vir elke 1,000 persone van die bevolking, 'n gesonde toestand is. **Hiervolgens moet daar vir die Kaapse Skiereiland sowat 320 beddens vir blankes wees. Op die oomblik is daar slegs 94 beskikbaar waarvan meer as driekwart deur private inrigtings voorsien word en weens die hoë tariewe nie toeganklik vir die man met 'n matige inkomste is nie.**

### NIE-BLANKES

Vir die nie-blanke bevolking van Kaapstad wat meer as 239,000 siele tel, is daar sowat 90 beddens beskikbaar. Die meeste van die nie-blanke vroue wat hier ingeneem word, word gratis behandel of betaal slegs 'n baie klein fooi.

# Volksaanwas Skiet Tekort

Die gevare wat die dalende geboortesyfer in die Unie vir die blanke bevolking inhou is verlede week deur dr. C. G. W. Schumann op die jaarvergadering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns behandel. Om die blanke bevolking aan te vul is doelbewuste immigrasie as deel van 'n breë ontwikkelingsbeleid nodig, het hy gesê.

Dr. G. Eloff, wat die biologiese sy van die bevolkingsvraagstuk behandel het, het aan die hand gedoen dat ons genetiese kapitaal versterk moet word deur die invoer van duisende Duitse weeskinders.

# DIENS IN SENTRUM

**Komdt. M. C. Pienaar, volksorg-offisiere, kondig aan dat die kommandodiens in die O.B.-Vriendskapsentrum op die sesde verdieping van die Groote Kerkgebou, as volg sal wees:**

| DINSDAE | | DONDERDAE | |
|---|---|---|---|
| **Julie** | | **Julie** | |
| 13 | Papendorp | 15 | Parow |
| 20 | Wynberg | 22 | Tiervlei |
| 27 | Tafelberg | 29 | Goodwood |
| **Augustes** | | **Augustus** | |
| 3 | Steenberg | 5 | Kuilsrivier |
| 10 | Die Vlakte | 12 | Bellville |
| 17 | Groote Schuur | 19 | Papendorp |
| 24 | Kaapstad Sentraal | 26 | Wynberg |
| 31 | Goodwood | | |
| **September** | | **September** | |
| 7 | Tiervlei | 2 | Tafelberg |
| 14 | Parow | 9 | Groote Schuur |
| 21 | Chr. de Wet | 16 | Kaapstad Sentraal |
| 28 | Tafelberg | 23 | Die Vlakte |
| | | 30 | Steenberg |

# Eiendomme Wissel Teen Woekerwins

**Die spekulatiewe gees in die Unie ten opsigte van vaste eiendomme woed nog steeds onkeerbaar voort, te oordeel na die rekord-aantal verkoopstransaksies wat die afgelope ses maande in Wes-Kaapland plaasgevind het. Vergelykende syfers toon dat sedert Januarie daar 3,815 meer verkopings was as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.**

Van Januarie tot Junie is 24,873 eiendomme aan nuwe eienaars oorgedra teenoor 21,058 in dieselfde tydperk verlede jaar. Daarby is die pryse van vaste eiendomme aansienlik hoër as twee jaar gelede. Voorbeeld hiervan is 'n eiendom wat twaalf maande gelede vir £1,300 aangekoop is, en nou op die naam van 'n nuwe eienaar geregistreer is nadat hy £1,900 daarvoor betaal het.

# ‚Nuwe Lewe'

Van mev. V. V. Ferguson, Pos Hoogste Punt, oor Vaalwater, Waterberg, is 'n bedrag van £1-1-0 ontvang as 'n bydrae tot die fonds van ons blad. Dit volg op 'n oproep wat deur dr. J. Hewat gedoen is onder die naam ‚Nuwe Lewe' en wat hy met £5 geopen het.


# STORIES VIR DUITSE JEUG

Die Russe span al hul kragte in om die Duitse jeug onder die invloed van die kommunisme en die Russiese „wondere" te bring. Vir dié doel gee die Russiese besettingsowerheid nou 'n kinderblad vir die Duitse jeug uit. Die tydskrif bevat stories soos „Skone Moskou" en „Lenin as 'n leerling". (Sapa-Reuter.)

# WIL BARNARD NIE MEER HÊ

Die Uitvoerende Komitee van die Vrystaat het die posisie van prof. S. Barnard, Administrateur van die Vrystaat, aanhangig gemaak by die Eerste Minister. Die provinsie wil prof. Barnard nie meer as Admistrateur hê nie omdat, so sê hulle, hy in stryd met hulle wil optree.

Die provinsiale raad van die Vrystaat het reeds vanjaar 'n mosie van wantroue in die Administrateur aangegaan en die U.K. het ook besluit om die funksies wat hy gee, te boikot.




**Dr. M. S. Louw President van die Afrikaanse Handelsinstituut, haal die eerste pakkie Rembrandt-sigarette van 'n outomatiese verpakkingsmasjien af. Links van hom staan mnr. A. E. Rupert, besturende direkteur van die Rembrandt-Tabakvervaardigingskorporasie van Suid-Afrika Bpk., en dr. N. Diederichs, direkteur. Ander direkteure is dr. A. J. Stals (voorsitter) wat vanaf die begin leiding geneem het, mnre. C. C. Kriel, I. M. Lombard, W. J. K. Bosman, F. Ansaldo en D. W. R. Hertzog.**

# Het Iets Van Nasionalisme Geleer In V.S.A.

**„Wat my die meeste getref het terwyl ek in die Verenigde State was, is die feit dat die Grieke, Portugese, Italianers, Spanjaarde en al diegene wat hulle daar vestig, altyd die V.S.A. eerste stel wanneer hulle burgers van die land geword het," het mnr. H. G. Lawrence, L.V. en voormalige Minister van Justisie, verlede week in Kaapstad verklaar.**

„As al die mense in Suid-Afrika met dieselfde gees besiel is, sal daar niks te vrees wees vir die toekoms van die land nie", het hy daaraan toegevoeg.

Mnr. Lawrence het as 'n „onafhanklike" gepraat tydens 'n vergadering van die Kaapstadse Parlementêre Debatsvereniging — wat waarskynlik verantwoordelik is vir sy wyser insigte.

# EERSTE AFRIKAANSE SIGARET !

En nou, byna 300 jaar na die volksplanting aan die Kaap, het die Afrikaner eindelik sy eie sigaretfabriek ook. Weg van die roet en steenkool van die stad, aan die oewer van die pragtige Bergrivier in die Paarl, lê die fabriek van Rembrandt-Tabakvervaardigingsporporasie van Suid-Afrika Beperk, 'n onafhanklike Afrikaanse maatskappy en die jongste toevoeging tot die steeds stygende Afrikaanse aandeel in die nywerheidswêreld.

Hierdie nuwe fabriek beskik oor die tegniese advies van die firma Rothmans Beperk van Pall Mall, London, sigaretfabrikante met 'n reputasie van meer as 50 jaar. Die samesnoering van oorsese tegniese kennis en Afrikaanse kapitaal is 'n nuwe stap vorentoe in die sigaretnywerheid in Suid-Afrika.

### DIE KEUR

Aan die straatfront lê die ou gedeelte van die geboue, groot pakhuise waarin enorme voorrade eerstegraadse tabaksoorte, die keur van die oes deur ons boere gekweek, opgeberg is. Onder die regte temperatuur- en vogtigheidstoestande word dit hier behoorlik verouder om tot volle rypheid te kom en sodoende 'n meesterstuk van sigaretvermenging te verseker.

Laat ons 'n kykie agter die skerms gooi in hierdie eerste Afrikaanse sigaretfabriek. In ruim lugkondisioneerde sale word die ryp tabak vermeng deur deskundiges met jarelange ondervinding by oorsese en plaaslike fabrieke. Hierna word die tabak gestoom, gekerf, gedroog en verkoel en word dan teen 'n snelheid van meer as 100,000 sigarette per uur per masjien vervaardig met die modernste sigaretmasjiene beskikbaar. Het u al gesien hoe 'n sigaret vervaardig word — een eindelose sigaret word deur die masjien gevorm deurdat die sigaretpapier vanaf 'n rol gevoer word en dan met tabak gevul word. Dit gaan deur 'n vorm om grootte te bepaal, word langs die kant toegeseël en dan in sigaretlengte gesny.

### INGEWIKKELD

Maar vir die skynbaar-eenvoudige proses is 'n groot ingewikkelde masjien, wat blitssnel opereer, nodig. Vanaf die sigaretmasjien gaan die klaar sigaret na 'n verpakkingsmasjien. **Hier word sigarette verpak teen 'n snelheid per masjien van 150 pakkies van 20 elk per minuut, dit wil sê 3,000 sigarette per masjien per minuut.**

Fenomenaal, nie waar nie! Wat 'n wonder om die byna bomenslike vernuf van die masjien te aanskou as dit die sigarette aftel, (die klokkie lui as dit verkeerd getel het en die verkeerde pakkie word uitgegooi) en toevou in silwerpapier en dan in die buite-etiket waarop die naam „Rembrandt" afgedruk is.

### NETHEID

Nou word die pakkie nog in sellofaan gewikkel en dit word ook met 'n masjien gedoen. Selfs 'n dun gekleurde strokie word om die toppunt gesit waarmee die pakkie oopgemaak kan word. Verder is daar nog 'n menigte ander verpakkingsmasjiene om kartondosies ens. te verpak.

Wat veral opval is die netheid oral in die fabriek en die spesiale proses waarmee alle stof en sand uit die tabak verwyder word. Sigarette is 'n produk vir die mond en word hier feitlik nooit met die hand aangeraak nie, en indien wel, slegs deur flink-nette jong dames.

# WIE HET GEDRAAI?

Vervolg van bls. 2 kol. 3

### TOENAME

Die toename in die totale aantal kiesers in die 107 kiesafdelings wat ondersoek word was 137,157 tussen 1943 en 1948. Van hierdie getal was ongeveer 120,000 — 125,000 blankes wat 'n toename van sowat 1,150 per kiesafdeling beteken. In werklikheid was daar omtrent 170,000 — 175,000 nuwe kiesers en sê 50,000 verwyderings, hoofsaaklik deur dood. Verwyderings deur vertrek na 'n ander kiesafdeling binne ons groep kan natuurlik buite rekening gelaat word. Verwyderings na kiesafdelings buite ons groep word tot 'n mate gebalanseer deur intrekkers uit daardie kiesafdelings en is nie in ag geneem nie. Aangesien die ander 43 kiesafdelings hoofsaaklik stedelike setels is, was daar waarskynlik 'n klein netto-verlies na hierdie setels.

Daar bestaan geen gegewens oor die opdeling van hierdie kiesers wat bygekom het en weggeval het tussen Afrikaans- en Engelssprekendes nie. Ons het wel die syfers van die 1936-sensus en op die basis van die gegewens wat toe gepubliseer is, is dit moontlik om 'n beraming te maak hoeveel persone van elke volksgroep daar in die land as 'n geheel in 1943 ouer was as 21, en hoeveel in 1948. Hieruit kan dan bereken word hoe die toename opgedeel is tussen die twee volksgroepe.

### MEER AS DUBBEL

**My beraming is dat die totale toename onder die blanke kiesers tussen 1943 en 1948 van 140,000 opgedeel is in 'n toename van 95,000 onder die Afrikaners en 45,000 onder die Engelse.** Om te verduidelik hoe dit moontlik is dat die Afrikaners meer as twee-derdes van die toename uitmaak, kan ons meld dat die toename opgemaak word uit 200,000 nuwe kiesers en 60,000 wat weggeval het weens dood, en my beraming word bereik as die nuwe kiesers opgedeel kan word in 127,000 nuwe Afrikaanse kiesers en 73,000 Engelse kiesers en die wat verwyder is in 32,000 Afrikaans en 28,000 Engels.

**Die verhouding tussen Afrikaans en Engels onder die sterfgevalle klop min of meer met die verhouding in die bo 21-groep in die 1936-sensus en die verhouding onder nuwe kiesers met die verhouding wat daar was in die groep wat toe tussen 7 en 21 was.**

### MEER NASIONAAL

Die kiesafdelings wat onder bespreking is, is egter oorwegend Afrikaanse kiesafdelings en in hierdie kiesafdelings was die toename van die Afrikaanssprekendes waarskynlik 60,000 na 65,000 meer as die toename van die Engelssprekendes. Die eintlike vraag is egter hoe die toename opgedeel is tussen die V.P.-Arbeider- en die H.N.P.-A.P.-kombinasies. Die 170,000 na 175,000 nuwe blanke kiesers in hierdie setels beraam ek was ongeveer 120,000 na 125,000 Afrikaners en 50,000 Engelse, en die 50,000 wat weggeval het 30,000 Afrikaans en 20,000 Engels.

**Hier wil ek nog 'n verskynsel aanroer en dit is dat die jong Afrikaners tot 'n veel groter mate Nasionaal is as die ouer mense. Daar is eerstens die feit dat die kinders van Sap-ouers dikwels Nasionaal is en verder kom die groot gesinne**

Vervolg in volg. kol.

Vervolg van voorgaande kol.

**merendeels onder die Nasionaalgesindes voor.** Die laaste verskynsel kan aan twee faktore toegeskryf word nl. dat dit juis die Sappe onder die Afrikaners is wat tot 'n groter mate 'n leefwyse het wat meer ooreenstem met dié van hul Engelse landgenote en net soos laasgenoemdes kleiner gesinne het; en verder dat die minder gegoede groep, wat gewoonlik die grootste gesinne het, oorwegend Nasionaal is.

### NATUURLIKE „OMMESWAAI"

Om die uitwerking wat die faktor van die vinniger toename van die Afrikaners het, te meet en ook toe te laat vir die feit dat die jong Afrikaners tot 'n veel groter mate Nasionaalgesind is as die ouer groep, het ek uitvoerige berekenings op verskillende aannames gedoen **en tot die gevolgtrekking gekom dat tussen 400 en 500 van die „ommeswaai" per kiesafdeling hieraan toegeskryf kan word.** Ek gaan nie al my berekenings herhaal nie maar kan 'n voorbeeld gee hoe hierdie resultaat bereik kan wees. Gestel vyf-sesdes van die nuwe Afrikaanse kiesers en drie-vyfdes van dié wat weggeval het en 5% van die Engelse — van alle ouderdomme — was Nasionaal. Dan was die nuwe kiesers ongeveer 106,000 Nas. en 68,000 V.P. en die uittredings 19,000 Nas. en 31,000 V.P. Op die manier het die posisie van die Nasionaalgesindes met ongeveer 50,000 ondersteuners toegeneem waarvan 82% of 41,000 gestem het en dit is ongeveer 400 per kiesafdeling. Daar is verskeie ander aannames wat 'n soortgelyke resultaat gee en ander wat weer meer of minder van die „ommeswaai" hieraan toeskryf. Ek het redelik vertroue in hierdie resultaat want dit slaan ooreen met ander berekenings wat ek gemaak het waaruit ek afgelei het dat minstens 75% van die Afrikaners die Nasionaalgesinde groepe steun.

In die volgende artikel sal ek probeer bereken watter gedeelte van die ommeswaai toegeskryf kan word aan 'n ommeswaai onder die soldatekiesers en hoeveel aan Afrikanersamewerking, en ook ingaan op sekere andere faktore soos 'n moontlike ommeswaai onder die Engelse kiesers en die uitwerking van die toename in die kleurlingstem.

# GEBIED E PRAAT VAN 230 NUWE EENHEDE

**Aansienlike vordering word steeds gemaak met die konsolidering van die Ossewabrandwag in Gebied E. Tweehonderd-en-dertig offisiere en brandwagte het reeds ingewillig om klein afdelings van die Beweging op te rig en oral word O.B.-lede wat in jare geen kontak met die Beweging gehad het nie, weer ingeskakel, berig ons korrespondent uit Johannesburg.**

Die jongste afdeling wat oorgegaan het tot die nuwe metode van organisasie, is Generaalskap E6, (Bethal) onder oevel van generaal Naas Prinsloo.

In medewerking met genl. Barry Grobler, Stafhoof van Gebied E, het genl. Prinsloo 'n aantal sel-kommandante aangewys en sodoende nie alleen die bestaande organisasie opgeknap nie, maar ook afdelings opgerig waar die organisasie verslap het as gevolg van plaaslike omstandighede.

Indien dit na beraadslaging van die offisiere van bestaande kommando's nodig mag blyk om ook hierdie eenhede te omskep, sal Bethal, Leslie, Kinross en Oogies ongeveer 40 selkommando's lewer. **As hierby gereken word die afdelings wat gelewer kan word deur Witbank, Delmas en Bronkhorstspruit waar die nodige aanvoorwerk reeds gedoen is, dan ly dit geen twyfel nie dat genl. Prinsloo se afdeling as gevolg van die re-organisasie weer een van die sterkste generaalskappe in die Unie sal wees. Dit was tewens altyd een van die sterkste afdelings van die O.B. in Transvaal en daar is seker min plekke waar soveel O.B.-lede die lief en leed van die oorlogsjare gedeel het.**

Generaal Grobler deel mee dat hy gedurende sy reis deur die afdeling diep getref is deur die getroue standvastigheid van lede sowel as offisiere van die O.B. In en deur die Ossewabrandwag sal hierdie waardevolle Afrikaners hulle dienste gee in belang van die Nasionale Afrikanerdom en die Republiek van die toekoms.

OOK AFRIKANERPARTY

Toe dit voor die verkiesing nodig geword het om 'n organisasie te skep wat die vaandel van die Afrikanerparty kon dra, het Bethalkiesafdeling sonder versuim gereageer. Na die verkiesing blyk die moontlikhede vir die Afrikanerparty in die kiesafdeling nog groter te wees as voorheen en reëlings is getref vir die stigting van 'n verdere twaalf takke.



Genl. I. M. Prinsloo

# NUWE LEWE IN OOS-KAAPLAND

**Met die opheffing van die verbod op die O.B. in die staatsdiens het Uitenhage, wat 'n baie groot spoorweggemeenskap het, weer uit hul dop gekruip en is tans besig om 'n sterk kommando daar op te bou. Reeds is besluit dat elke tweede Dinsdagaand 'n O.B.-aand gaan wees waarop gesellige byeenkomste gereël sal word by verskillende huise en 'n silwerkollekte gehou sal word ter stywing van die kommando se fondse, berig genl. P. M. du Plessis, stafhoof van Oos-Kaapland.**

Die eerste byeenkoms is aan die huis van komdt. D. F. de Swardt gehou en dit was 'n baie groot sukses. Genl. Delport en komdt. Burnett van Port Elizabeth, het onverwags daar opgedaag.

Genl. Delport het die Brandwagte welkom geheet en met sy kort toespraak die aanwesiges besiel met nuwe geesdrif vir die toekoms. Almal is van voorneme om hul deel by te dra om Uitenhagé uit te bou tot een van die sterkste kommando-eenhede in Oos-Kaapland.

**Oral is offisiere tans besig om hul kamerade, aan wie hulle in 1941 „totsiens" moes sê weer in te skakel. Dit is besielend om te sien hoe hierdie lede, vir sewe jaar waarin hul feitlik geen kontak met die Beweging gehad het nie, nog steeds getrou gebly het aan hul eed, en vasberade is om in die toekoms weer hul volle gewig in te gooi.**

# GEWERE

Die Minister van Verdediging het aangekondig dat die regering die tydperk waarin teruggawe van gewere gevra kan word, met ses maande verleng het. Waar persone bewys kan lewer dat die gewere wat hulle ontvang, nie meer in dieselfde toestand is as toe dit ingelewer is nie, sal uitbetaling oorweeg word.

# Reorganisasie In Nigel

In opvolging van inligting wat tydens die algemene verkiesing ingewin is, het die generaal Josef Gouws van Heidelberg en generaal Barry Grobler op 21 Junie 'n reorganisasie-vergadering van O.B.-lede op Dunottar toegespreek, berig ons korrespondent.

Etlike offisiere is aangewys



Waggeneraal Hein Richter.

om die ongeorganiseerde O.B.-lede in Dunottar en Nigel in te skakel.

Dit het dikwels voor die verkiesing gebeur dat O.B.-lede by hul hoofkwartier om leiding gevra het omdat hulle nie plaaslike offisiere geken het nie, of omdat die plaaslike organisasie as gevolg van die moeilike omstandighede in duie gestort het. Sodoende is kontakte weer herstel en word nuwe eenhede opgerig.

Soortgelyke omstandighede het aanleiding gegee tot die oprigting van twee sel-kommando's te Oberholzer deur waggeneraal Hein Richter in die omgewing van Venterspos-goudmyne.

In albei gevalle het O.B.-lede geesdriftig steun toegesê aan die Afrikanerparty en is die oprigting van takke 'n voldonge feit.

**Die algemene verkiesing vir die provinsiale rade sal waarskynlik teen Februarie plaasvind. Volgens aanduidings sal die verkiesing tegelyk in al vier provinsies gehou word.** Die uitslae van die provinsiale verkiesing word as van besondere belang beskou omdat dit die samestelling van die senaat beïnvloed.

# Oorlog Sal Aanhou In Palestina

Die vredesplan wat die bemiddelaar van die V.V.O. aan die Arabiere en Jode in Palestina voorgelê het en waarin aangetoon word hoe Palestina verdeel moet word tussen die twee volksgroepe, is deur die Arabiere verwerp wat verkies om die stryd met wapengeweld uit te maak. Die Arabiere het reeds vooraf te kenne gegee dat geen plan wat die stigting van 'n Joodse staat inhou, deur hulle aanvaar sal word nie.

Intussen is ook aangekondig dat 'n korps ten volle opgeleide en goed toegeruste Indiër-vrywilligers in Pakistan op die been gebring sal word om die Arabiere te help.

# Britse Lotery-Euwel Vat Pos in Unie

**Voetbal- en sokkerpoele soortgelyk aan die in Brittanje waar daar jaarliks miljoene ponde op die uitslae van die wedstryde verwed word, is vinnig besig om in Suid-Afrika pos te vat. Veertien dae gelede was die prysgeld wat die wenner van die lotery ontvang het sowat £400, maar die onderneming is tans so winsgewend dat die prysgeld reeds meer as £1,150 bedra. Deelnemers betaal 'n trippens per inskrywing.**

**Die eerste van hierdie loterye, onder beheer van 'n oudsoldate-organisasie, het sowat vier maande gelede in Kaapstad ontstaan en die skielike toename in prysgeld is 'n aanduiding hoeveel honderde ponde daar reeds weekliks op die uitslag van sokker- en voetbalwedstryde verwed word. Na verneem word het daar reeds drie ander soortgelyke loterye in Kaapstad ontstaan.**

WET TE SWAK

Gesaghebbend is meegedeel dat al hierdie ondernemings as lotery geklassifiseer word, maar dat die Loterywet van Kaapland, wat nog dateer uit die dae voor unifikasie, 'n gaping vir hierdie soort lotery laat en dit het geblyk dat geen wetlike stappe teen die eienaars geneem kan word nie.

Persone wat aan die lotery deelneem, ontvang 'n inskrywingsvorm en betaal 'n trippens vir elke inskrywing. Hulle kan tot tien verskillende inskrywings maak waarvoor 'n halfkroon betaal word.

VREES

**Die polisie vrees dat aangesien hulle hande afgekap is hierdie lotery op net so 'n groot skaal sal ontwikkel as in Brittanje waar daar jaarliks £50,000,000 op sokker en voetbal verwed word. Volgens 'n amptelike opname is daar meer as 1,000,000 mense in Brittanje wat hieruit 'n bestaan maak, en dus 'n produktiewelose lewe voer.**

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

**van £7,332,021 op 31 Desember 1943 bereik is. Reeds is die stadium bereik dat die totale jaarlikse uitbetalings wat uit die Fonds gemaak is, die normale bydraes van die onderwysers en die Administrasie oortref......**

SOLANK HULLE WERK

„Weereens wil ek beklemtoon dat die beginsel, ten grondslag van 'n skema wat berus op bydraes, soos die Pensioenfonds van die Kaapse Onderwysers, is dat voorsiening gemaak moet word vir die koste van pensioene aan werknemers terwyl hulle aktief in diens is.

**Dit is die enigste wyse waarop verseker kan word dat die nageslag nie belas word met die koste van pensioene vir dienste wat aan die huidige geslag gelewer word nie.**

„Die enigste alternatief is... dat die bydraes ten opsigte van onderwysers wat tans in diens is, gebruik word om die pensioene te betaal van dié wat reeds afgetree het, terwyl die balans uit die Provinsiale Inkomste betaal moet word.

**Maar dit is goed dat beide die Administrasie en die provinsiale belastingbetaler herinner sal word aan die implikasies van 'n sodanige beleid, naamlik 'n pensioene-rekening wat vinnig vergroot, en 'n las, wat ooreenkomstig vergroot op die Provinsiale Inkomste."**

IN WIND GESLAAN

Hierdie waarskuwing (sowel as die voriges) van die aktuaris het nie veel gehelp nie, en die provinsiale raad wou of kon nie stappe doen om die Fonds te rehabiliteer nie. In 1947 is bereken dat daar nou £350,000 per jaar (en nie meer £320,000 per jaar nie) nodig is om die Pensioenfonds te red. Indien die provinsiale raad in 1925 al na sy deskundige geluister het sou veel minder opofferings vir die rehabilitasie van die Fonds geverg gewees het. **Vandag egter beloop die tekort reeds meer as £10,000,000 en as in gedagte gehou word dat die totale jaarlikse inkomste van die Provinsiale Admiuistrasie sowat 15 tot 16 miljoen pond is, dan is dit duidelik watter afmetings hierdie probleem, wat klein begin het, vandag reeds aanneem.**

SWAKHEDE

Twee swakhede van ons regeringstelsel word hier baie duidelik geïllustreer. 'n Partypolitieke bestuur, soos die provinsiale raad, stel die oplossing van probleme graag uit indien die oplossing aanvanklik opofferings verg. En ten tweede wonder mens of die administrasie van sake soos pensienfondse nie bo 'n provinsiale raad se vuurmaakplek is nie!

# Dobbelary Word Epidemie in Engeland

**„Meer Britte as ooit tevore word tans dobbelaars," berig die korrespondent van die Sunday Times uit Londen na aanleiding van 'n Kerklike verslag wat verklaar dat „dobbel in een of ander vorm 'n nasionale epidemie geword het."**

Verlede jaar het die Britte omtrent £1,000,000,000 aan dobbel verspil, verklaar die kommissie, en die huidige jaar voorspel die grootste toename in dobbel wat ooit in Brittanje aangeteken is. Op hondereisies alleen het die Britte in 1946 £200,000,000 verwed. Boekmakers het die totale bedrag van £450,000,000 ingeneem. Dit is £150,000,000 meer as in 1945 en £360,000,000 meer as in 1938.

**Daarenteen toon die syfers van die volk se spaargeld 'n dalende syfer. Gedurende die eerste kwartaal van 1946 het die spaargeld op £143,000,000 te staan gekom. Gedurende dieselfde kwartaal in 1947 het dit gedaal tot £121,000,000 terwyl dit vir die ooreenstemmende kwartaal van vanjaar tot 'n skrale £83,000,000 gedaal het.**